1. U moet ’n masker dra op die kerkterrein en in die kerkgebou.
2. Motorwagte sal vir u ‘n aanduiding gee waar om te parkeer.
3. Elke erediensganger meld aan by ‘n registrasie tafel. U naam en besonderhede sal reeds, na u bespreking gedurende die week om die erediens by te woon, op die lys wees.
4. Tydens registrasie word bevestig dat u ‘n masker dra. U temperatuur sal gemeet word en aangeteken word, en u hande sal behoorlik ontsmet (gesaniteer) word. Indien u temperatuur aanvanklik te hoog is, sal dit weer na ‘n afkoeltydperk van 5 minute, geneem word. Sosiale afstand sal onder alle omstandighede gehandhaaf word. ‘n Kort vraelys sal aan u gestel word in terme van die simptome wat met Covid geassosieer word. Indien u enige COVID-19 simptome of ‘n hoë koors (38+) vertoon sal u vriendelik versoek word om terug te keer huis toe en met ‘n dokter in aanraking te kom, u simptome dop te hou of in selfisolasie te gaan.
5. Na registrasie sal u toegelaat word in die kerkgebou, waar banke en sitplekke aangedui word waar u kan sit, om steeds sosiale afstand van minstens 1.5 meter te kan handhaaf. Egpare en gesinne kan in dieselfde bank sit, maar met die handhawing van sosiale afstand.
6. Fisiese kontak (drukkies, handdrukke, ens.) met ander word vermy.
7. In die erediens word ongelukkig nie gesing nie. Solo’s kan wel gesing word, of ander musiek kan gebruik word voor of tydens die diens.
8. Offergawes word nie opgeneem nie maar by die deur in sakkies geplaas. Daar sal ook ‘n houer vir die motorwagte wees.
9. Slegs een ingang, die wes-ingang van die kerkgebou, word gebruik.
10. Telkens nadat 'n persoon die kleedkamer besoek het, sal 'n persoon aan diens die kleedkamer saniteer.
11. Die kerkgebou word voor en na eredienste gesaniteer volgens voorgeskrewe vereistes.
12. Die sakramente van doop en nagmaal word nie onder die huidige maatreëls bedien nie.
13. Alle dienste word steeds elektronies gelaai soos dit tans geskied. Ons oorweeg die “Stream” opsie = direkte uitsaai, indien ons internet-verbinding dit kan hanteer.
14. Daar sal nie na die diens koffie, tee en verversings beskikbaar wees nie, wat impliseer dat ons direk na die erediens verdaag.
15. U sal bietjie vroeër moet kom vir administrasie en ‘n eie pen moet saambring.

Alle persone, maar veral persone bo 60 en persone met ander risikofaktore, besluit op eie risiko en verantwoordelikheid of hulle eredienste wil bywoon of nie. **Ons vra u begrip t.o.v. elke persoon se besluit aangaande bywoning.** Ons keuses dui nie op ‘n positiewe of negatiewe gesindheid by mense nie, en daarom gaan ons nie die een of die ander keuse veroordeel nie. **Kom ons bid dat ons eredienste vir almal, of jy dit nou fisies of virtueel beleef, tot seën sal wees en God hierin geëer sal word!**

GEBEDSBRIEF

Wonderboom Ned. Geref. Gemeente

12 Julie 2020

Besoek ons WEBTUISTE:
www.ngkwonderboom.co.za
U kan ook hier ons eredienste aflaai.

Bid asseblief dat ons **EREDIENSTE** egte ontmoetings met die lewende God sal wees, al is dit onder moeilike en vreemde omstandighede!

Welkom aan elkeen wat vandag saam aanbid! Mag die Here ons in ons liefde vir Hom en mekaar seën! Baie geluk aan dié wat die afgelope of komende week verjaar (het).

LERAAR	TEMA	TEKS
Ds Ernest Horn	God is ook in die storm	Handelinge 27:22-24 “Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed!...Verlede nag het daar ‘n engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wat ek dien. Die engel het vir my gesê: “Moenie bang wees nie, Paulus…”.

Kom ons bid vir ons land en die **wêreld** ten opsigte van die COVID-19 virus: Teen Vrydag het 12 411 500 mense wêreldwyd al die virus opgedoen. Hiervan het 7 239 278 reeds gesond geword en 557 855 daaraan gesterf. In **RSA** het 238 339 mense dit reeds gekry, 3720 gesterf en 113 061 gesond geword.

Inperking / Lockdown

Dit is Fase 3 van Inperking. Eredienste mag hervat word, met sekere maatreëls en regulasies in plek. Die kerkraad het dit oorweeg om die aanbieding van eredienste in die kerkgebou oop te maak en Juniemaand benut om die kerkgebou, protokolle, prosedures en taakspanne gereed te kry hiervoor. Ons het ook u as gemeente getoets oor die aangeleentheid. U vind in die volgende twee bladsye ons beplande werkswyse. Ons hou vandag 12 Julie ons tweede “oop” erediens. Intussen gaan ons steeds voort met die opnames en uitsaai van eredienste.

Siekes

Bid vir Wykie de Nysschen wat ernstig siek is.

Bedroefdes

Ons bid vir Rene van Heerden en haar familie wat haar sussie Frieda aan die dood afgestaan het.

Ons bid vir die geliefdes van Joey Hartman (Soetdoring). Haar gedenkdiens was reeds Dinsdag.

Offergawes

Dankie aan elkeen wat getrou ’n offergawe gee. Bid vir die finansies van ons kerk en gemeenskap. Maak asb. gebruik te maak van elektroniese bankinbetalings.

U kan ook u dankoffer in ‘n koevert by die kerk se posbus ingooi. *Skakel ds. Ernest (083 660 5644), dr. Nelius (082 890 8820) of Ninette Barnard (082 829 2062) vir toegang tot die terrein.* By Soetdoring kan u met Piet van Jaarsveld (082 444 7466) en by Jasmyn met Mariet Naude (072 592 6427) kontak maak om u dankoffer in ’n koevert na hulle te bring.

Ons bankbesonderhede is:
NG Gemeente Wonderboom,
ABSA Tjekrekening,
Reknr: 526 015 1136
Tak Sinoville Kode 336945.
EFT - verwysings:
Dankoffer of Noodhulp

Dankie aan elkeen wat deelneem aan die **Lockdown Bybelvasvraes**.

Antwoorde word mettertyd op whatsapp en op ons webtuiste beskikbaar gestel.

GOEIE NUUS AANGAANDE DIE “OOPMAAK” VAN EREDIENSTE!

Na aanleiding van die Staat se aankondiging dat kerke, onderhewig aan sekere voorwaardes weer eredienste mag hou tydens vlak 3 van die Inperking, het die kerkraad by sy vergadering van 8 Junie 2020 besluit om die eredienste vanaf 5 Julie 2020 “oop te maak” en die kerkterrein, geboue, protokolle en prosedures gedurende Junie 2020 gereed te maak daarvoor. Ons het ‘n MENINGSOPNAME geloods van hoeveel erediensgangers belang sou stel om eredienste onder die spesifieke omstandighede by te woon. **Na aanleiding van u as gemeente se reaksie maak ons gereed om op 5 Julie om 09:00 met ’n erediens te begin**. Daar is genoeg mense wat aangedui het dat hulle eredienste onder hierdie omstandighede sal bywoon. Ons poog om **eredienste steeds op internet te “stream” en na die tyd op youtube en as ‘n klankbaan beskikbaar te stel.**

Daar is spesifieke Staat-voorgeskrewe maatreëls wat nagekom moet word, en ons sal almal medeverantwoordelikheid hiervoor moet aanvaar. Daarom moet u bewus wees van die protokolle en maatreëls wat vereis word deur die Staatskoerant (28 Mei 2020 no. 43365) en waaraan ons as gemeente moet voldoen. Ons wil graag met die grootste verantwoordelikheid optree, en vra van u as gemeente gesamentlike en gedeelde verantwoordelikheid ten opsigte van die voldoening aan hierdie protokolle en vereistes. Dit is vreemde tye waarin ons leef, maar ons moet mekaar beskerm.

Met die oog op die moontlike heropening van eredienste in die kerkgebou word 'n TAAKSPAN saamgestel wat opleiding ontvang om die erediens-vereistes te kan toepas soos vereis in die Staatskoerant. Ons nooi u ook graag uit om hierin te kom help as u sou belangstel om deel van so ‘n taakspan te wees, of as helpers op te tree tydens (of voor of na) erediens byeenkomste. **Stel ook die kerkkantoor hiervan in kennis indien u hiermee wil behulpsaam wees.** Dankie aan almal wat reeds aangedui het dat hulle bereid is om hiermee te help.

BESPREKINGS: Wanneer eredienste in die kerkgebou hervat word vanaf 5 Julie, **kan u by die kerkkantoor plek bespreek per e-pos (ngwonderboom@gmail.com), telefoon, sms of whatsapp (082 829 2062) voor/op die Vrydag wat die erediens voorafgaan.** Die rede is dat ’n maksimum van 50 persone toegelaat word vir sodanige erediens-bywoning. Daar sal aan u bevestig word of u die erediens kan bywoon, en of dit reeds vol bespreek is. Die bedoeling is om u vooraf in kennis te stel dat die erediens vol is en u nie weggewys word wanneer u Sondag opdaag en wil registreer nie.

Ons bevestig dat die volgende maatreëls, in lyn met die Staat se voorwaardes, van toepassing sal wees ten opsigte van eredienste wat tydens vlak 3 van inperking in die kerkgebou gehou gaan word: